**STELLENBOSCH FORUM, 2011.09.14**

Lesing deur: Dr Nicola Theron, Buitengewone Senior Dosent
in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
van die Universiteit Stellenbosch (US)
Onderwerp: 'Die rol van ekonomiese analise in mededingingsbeleid – lesse die afgelope dekade'
Plek: Ouditorium van die JS Gericke-biblioteek, US

**Verwelkoming en inleiding deur prof H Russel Botman,**
**rektor en visekanselier van die US**

Dankie, voorsitter. *Good afternoon, everyone. Molweni.* Goeiemiddag, dames en here.

Welkom by die vyfde Stellenbosch Forum van die jaar. Hierdie lesingsreeks het sy ontstaan gehad in 1990. Dit bied aan ons personeellede en studente, sowel as lede van die publiek, die geleentheid om meer uit te vind oor die relevante, wêreldklas-navorsing by Maties.

*Here to share her expertise with us today is Dr Nicola Theron, Managing Director of the economics consultancy firm Econex, and an Extraordinary Senior Lecturer in our Faculty of Economic and Management Sciences.* ***She will be addressing the role of economic analysis in competition policy****.*

Mededinging in die sakesektor is belangrik – vra maar die verbruiker wat te veel betaal vir bv. brood en melk weens samespanning in die bedryf om pryse op te jaag. Die Mededingingskommissie het die land al laat regop sit met die groot boetes wat maatskappye in 'n verskeidenheid sektore opgelê is, en dit sal interessant wees om te hoor wat Dr Theron te sê het oor die rol van ekonomiese analise hierin.

Sy was van die begin van Suid-Afrika se nuwe mededingingsbedeling in 1999 betrokke by die Mededingingskommissie. Sy was die ekonoom wat advies gegee het toe die heel eerste samesmeltingsaak hanteer is – dié tussen Santam en Guardian National Insurance. Sy het ook al deeltyds op die Kompetisietribunaal gedien.

*Dr Theron has also worked in other regulatory fields, such as health, energy and telecommunications. She was involved as an economist in the regulatory battle around the new medicine pricing regulations. More recently, she was involved in a project aimed at providing cost estimates for the proposed National Health Insurance (NHI) scheme.*

Dr Theron het haar meestersgraad in Ekonomie *cum laude* van die Universiteit Pretoria verwerf, en haar doktorsgraad in Ekonomie van die US. Sy doseer hier by ons in die ekonomie van mededinging.

Dr Theron, ons luister graag na jou …